

Maandag. Reformasiepreek Christus vergewe ons deur ons op sy rekening te neem en ons uit sy verdienste te laat leef. Die wyse waarop die Here ons vergewe, is om ons heilig te maak. Dit is die aankondiging in Hebreërs 2: 11: Christus wat self as mens vandag heilig in die hemel is, maak ons heilig. Dit is hoe die Here mense vergewe: Hy maak hulle heilig. Dit is heeltemal iets anders as om te glo jy word nie gestraf nie omdat jy sê jy is jammer. Hierdie is geloof in boetedoening, nie die Here se vergifnis nie. In Hebreërs 10: 10 word die Here se wyse van vergifnis, só gestel in die nuwe direkte Afrikaanse vertaling (NDV): “Volgens sy wil is ons heilig gemaak deur die offer van die liggaam van Jesus Christus, eens en vir altyd.” Eens en vir altyd is ons heilig gemaak om vir altyd heilig te wees. Indien 'n mens nog bietjie huiwerig is om te aanvaar wat hier aangekondig word, word alle huiwering met 10 vers 14 weggevat: “Want deur die een offer het Hy hulle wat geheilig word, vir altyd vervolmaak.” (NDV) Dit is sonder teenspraak. Die wyse waarop die Vader ons vergewe deur die Here se offer – is om ons vir Hom vir altyd heilig en volmaak te maak, regtig en werklik. Deur die offer van die Here is ons vir God altyd heilig en volmaak. preek beskikbaar by ngkerklewubu.co.za

Dinsdag

Omdat ons vergifnis hoor en glo as boetedoening, bly God se vergifnis vir ons ontoeganklik. Ons glo vergifnis werk soos 'n kredietkaart. Dit is 'n vergunning om by die bank skuld te maak en in skuld te leef omdat jy dit self later sal regmaak. 'n Kredietkaart is die reg om te leef op uitgestelde vergoeding vir skuld. Om so kaart te kry, moet jy die bank eerste reg op jou eiendom gee. Dit is hoe mense vergifnis preek en glo: jy moet eers as waarborg jou hart en lewe vir God gee, dan kry jy by God 'n kredietkaart vir sondeskuld. In boetedoening is Jesus se werk om mense die reg te gee vir 'n kredietkaart vir sondeskuld by God. Boetedoening is dan om elke keer as jy sondeskuld maak op jou kredietkaart by God, later na God toe te kan gaan en jou sondeskuld met Hom reg te maak, deur jou sondes te erken, jammer te wees, te onderneem om dit nie weer te doen nie en opnuut weer God die beheer van jou eiendom, jou lewe en hart te gee, as waarborg vir jou ondernemings teenoor God. In die bygeloof van boetedoening is Jesus die Een wat vir jou gesterf het om jou skuldrekening by God te laat werk. Boetedoening is nie die Here se vergifnis nie. Die Here se vergifnis is heiligmaking. Hebreërs 2: 11 “Hy wat heilig maak sowel as die mense wat geheilig word, is almal uit een Vader.”

Woensdag

Vergifnis is heiligmaking. Om heilig te wees beteken om te deel in en te leef uit die verdienste van Christus. Heb. 2: 18: “Omdat Hy self versoek is, en gely het, kan Hy dié help wat versoek word.” Christus het as mens heilig geleef, is versoek maar het nie toegegee nie, maar vir sondes gely: Hy het sy lewe as offer gegee vir die onheiligheid van mense. Sy heiligheid, volkome liefde, bly nou as sy lewensverdiensie vir ewig by die Vader. Christus help hulle wat versoek word en toegee aan sonde, deur hulle in sy verdienste van heiligheid in te sluit en te laat tel. Heb. 2: 10,11. Om uit Christus se verdienste te leef, beteken Hy het geleef en gely

om sy kredietkaart by God die Vader onuitputlik te vul met krediet. Hy maak nooit vir ons ons eie rekening by God oop nie, maar sit ons op sy kredietrekening om uit sy krediet te kan leef. Dit is net soos kinders leef uit die krediet van hul ouers se kredietkaart. Ons kan nooit weer enige sondeskuld by God hê wat ons moet regmaak of voor vergoed nie. Ons leef nie op uitgestelde skuld nie, ons is opgeskryf, ingesluit en leef uit Christus se kredietrekening waarin ons nooit skuld kan maak nie, maak nie saak hoeveel keer ons sonde doen nie. In Christus se kredietrekening kan ons sondes ons nooit weer in die rooi bring by God nie. Ons leef in en uit sy verdienste – so word ons vergewe.

Donderdag

Gelowiges kan God nooit met enige gebed in hul binnekamer of enige erediens God hul Vader met 'n skuldige gewete oor sondes nader nie. Gelowiges nader God op die Here se rekening en nie op hul eie kredietkaart by God om op skuld te mag leef nie. Op Christus se rekening “het ons nou deur die bloed van Jesus vrye toegang tot die heiligdom, en dit op 'n weg wat nuut is en na die lewe lei. (Heb.10:19,20) ²² laat ons tot God nader met 'n opregte hart en met volle geloofsekerheid. Ons harte is immers gereinig van 'n skuldige gewete, en ons liggeme is gewas met skoon water. ²³ Laat ons styf vashou aan die hoop wat ons bely, want God is getrou: Hy doen wat Hy belooft het.” Heb. 10. Ons gaan nooit weer met skuld, 'n skuldige gewete of offers vir skuld na God toe vir die sondes wat ons doen nie, nie in 'n erediens of in ons binnekamer nie. Ons gaan na God gereinig van 'n skuldige gewete want Hy doen wat Hy belooft – Hy laat ons lewe uit Christus se verdienste, ons is op Christus se kredietrekening. Daarom stel die apostel Johannes die volgende oor ons gewetes wat ons verkeerdelik aankla as ons God nader: ²⁰ “As ons gewete ons veroordeel – God is groter as ons gewete, en Hy weet alles. ²¹ Geliefdes, as ons gewete ons nie veroordeel nie, het ons vrymoedigheid om na God te gaan; 1 Joh. 3. God is groter as ons gewete wat ons vir skuld aankla. Hy weet ons leef uit die rekening van sy Seun, nie ons eie skuldrekening nie.

Vrydag

Tussen altare en biegestoele. Deur die een offer wat Jesus vir al ons sondes vir altyd gebring het, (Heb.10:10) nader ons God en leef ons met God sonder enige skuld of straf. Heb.10:19. Die Here het alle altare en biegestoele afgeskaf toe sy offerdood die voorhangsel van die tempel geskeur het. Heb.10:20. Offers op altare bind jou lewenslank aan biegestoele. 'n Biegestoel is om voor God te verskyn met skuld en God te vergoed met jammertes en beloftes. Dit is soos om voor die bankbestuurder jou skuldrekening te probeer regkry. In die Rooms Katolieke Kerk offer hulle elke dag Jesus weer op die Nagmaalstafel wat hulle 'n altaar noem. Vir hulle word die nagmaaltekens letterlik weer Jesus se liggaam en bloed en is só weer letterlik die offer op die altaar, die nagmaaltafel. Eet jy van hierdie offer op die nagmaaltafel, moet jou lewenslank jou sondeskuld in die bieghokkie by die priester gaan regmaak. Vandag is die plek voor in die saal of kerk waar geestelikes preek, die nuwe altaar. Predikers maak met elke geleentheid 'n “altarcall” en dan moet mense vorentoe stap

en hul lewe en hart vir God as offer vir hul sondeskuld gee. Dit is hul waarborg om op God se skuldrekening te kom. Gee jy hierdie offer vir God, moet jy jou hele lewe lank bieg. Die nuwe biegestoel wat hierdie geestelikes skep is jou eie binnemaker. Daar waar jy vrymoedig God se heilige liefde kon nader, maak hulle 'n biegestoel. Elke dag moet jy nou in jou eie binnekamer op jou biegestoel voor God jou skuldrekening regmaak. Christus het vir ons met sy een offer 'n einde gemaak aan alle altare en biegestoele.

ds. Petrus Kriel